VERGEET OM TE LUISTER (IN DIE LITURGIE)

Cas Wepener

Luister? Luister is baie harde werk, veral in 'n erediens. Om aktief te kan luister en die stem van die Here wat jou kom ontmoet te onderskei van en te integreer met al die stemme in jou ... dis moeilik. Soms moet 'n mens 'n klomp goed eers vergeet sodat jy kan luister. Hier is enkele (liturgiese) leidrade oor hoe ons kan vergeet sodat ons kan luister.

Als de dominee op dreef was
Tegen oorlog en geweld
En als ik alle kleine ruitjes
Van elk kerkraam had geteld
Dan greep mijn moeder in haar handtas
Voor het juiste medicijn
En ze gaf me witte pillen
En die verzachtten alle pijn

Pepermunt
Pepermunt
Als de preek je gaat vervelen
Als je niet meer luisteren kunt
Pepermunt
Pepermunt
Het is de protestantse cocaïne
Voor de gereformeerde junk
"Pepermunt" Stef Bos

Hierdie jeugherinneringe uit 'n liriek van Stef Bos is 'n goeie beskrywing van watse harde werk luister kan wees. Veral (vir 'n kind) in 'n (Gereformeerde) erediens waarin woorde volop is. Ja, luister is baie harde werk. Heelwat lidmate kan hulself op een of ander tyd al vereenselwig het met 'n klein Stef Bos in 'n Gereformeerde erediens. Met elke goeie intensie 'om iets uit die diens te kry' neem jy deel aan die voorafsang. Die kort stilte en 'ons hulp is in die Naam ...' laat jou die erns van die saak besef dat jy lemand gaan ontmoet. Dan volg die seëngroet soos 'n sagte handdruk van die Here en jy is reg vir 'n loflied. Hierna word alles dikwels stelselmatig moeiliker. 'Die duisendste geslag van die wat my liefhet ...' maar dis jou 'vader se sondes' wat jou meer bekommer. 'So sê die Here ...', kom dit van die kansel, maar hoekom sal die Here deur iemand wil praat wat daardie das kombineer met 'n vlootblou pak? In elke geval weet ek wat in Filippense staan. En kan jy daardie Willem glo wat daar oorkant met sy vroom gesig sit en bid?! Dít na Vrydagaand ...

Om werklik te luister in die erediens en so God te kan hoor wat jou daar wil ontmoet, is vergelykbaar met goeie navorsing: 'om iets te wil uitvind waarvan jy nie alreeds self die antwoord ken nie'. Dirkie Smit leer dat dit die verskil is tussen 'n boek en 'n tesis. Die een skryf jy omdat jy weet en die ander omdat jy nie weet nie. En as jy nie weet nie en moet uitvind, beteken dit dat jy fyn moet luister. Goeie navorsing vra fyn luister, en om God in die erediens te ontmoet en Sy stem te hoor, vra ook fyn luister. Om aktief te kan luister en die stem van die Here wat jou in die erediens kom ontmoet, te onderskei van al die stemme in jou ... dis moeilik. Soms moet 'n mens 'n klomp goed eers vergeet sodat jy kan luister. Jy moet vergeet om seker te maak dat jy God ontmoet en nie net die hele tyd jouself nie. Hiermee sê ek nie dat ons in die erediens moet stilword en al ons probleme en kwellinge ver-

geet en dan só vir God ontmoet nie. Inteendeel, ons ontmoet God juis in en deur ons eie gebrokenheid en afhanklikheid in die erediens. Maar ons eie vooroordele wat maar altyd aanwesig is, saam met ons onleerbaarheid omdat ons weet wat ons weet, dit is die dinge wat ons in die erediens aktief moet probeer vergeet. Vergeet sodat ons God se stem op verskeie plekke in die erediens kan hoor.

Is dit vir ons moontlik om 'n *nuwe* preek oor Psalm 23 te hoor en nie net maar weer dit wat jy dink jyself oor Psalm 23 weet weer te hoor nie? Kan ons werklik die nood en blydskap van die wêreld hoor in die erediens, of projekteer ons maar net ons eie behoeftes en verlanges op die wêreld en maak dít die wêreld s'n? En het jy al opgelet hoe vinnig ons vir iemand van ons eie ellende vertel, nog voordat ons aktief probeer luister het na die persoon se eie behoeftes en vrese? Ten diepste is dit vir ons eintlik onmoontlik om te luister.

Nou, dit is natuurlik onmoontlik vir mense om 'n sogenaamde *tabula rasa* te word of om 100% objektief te luister. Ons kan nie en moet ook nie, want ons eie ervarings en kennis is 'n belangrike deel van die hele luister en verstaan proses. Die punt is gewoon, daar is maniere waarop ons kan luister wat ons kan help om nie net onsself te hoor nie. En die woord liturgie beteken in die oorspronklike Grieks ook nie net die werk *vir* die volk nie, maar die werk *van* die volk. En 'n groot deel van die werk wat ons as erediensgangers moet doen, is om te luister. Maar miskien is daar (liturgiese) leidrade oor hoe ons kan vergeet om te luister in die erediens.

Ek vermoed ons moet ten minste op drie plekke probeer luister in die erediens om die kans te verhoog dat ons ons vooroordele en dit wat ons alreeds self weet (ten minste ten dele) kan vergeet en dus hopelik vir God daar ontmoet en nie (net) onsself nie. Hierdie drie plekke is die wat alreeds hierbo gesuggereer is, naamlik

- eerste die Bybel,
- dan ook die wêreld en
- dan die mense rondom jou in die erediens.

Maar dan moet ons op al drie hierdie plekke op 'n spesifieke manier luister.

In die erediens spreek die gebed by die opening van die Woord (epiklese) daarvan dat ons die Bybellees en preekluister saam met die Heilige Gees doen. Hierdie gebed help ons om 'n werklike oorgawe te maak en 'n oorgang vanaf net ek alleen, na God, my naaste *en* ekself, voor ons God se Woord hoor om so die Heilige Gees toe te laat om aan ons 'n houding van nie-weet-nie te gee. Ons hoor ook van die wêreld in die erediens. Ons hoor van die verskillende realiteite waarin ons leef en besef dat my eie wêreld nie die enigste is nie. En dit alles doen ons nie net met mekaar, die bekende binnekring in die gemeente nie, maar ook die op wie die gemeentelike kollig nie so helder skyn nie. Die rol van getuienisse deur 'n verskeidenheid mense in die erediens kan hier van onskatbare waarde wees. En die mense rondom ons? Eintlik ontmoet ons alreeds die mense romdom ons in die Woord en in die getuienisse en gebede waar ons die wêreld hoor. Hier moet bygevoeg word dat, saam vier met ander, 'n unieke wyse is om die mense rondom ons op 'n besondere wyse te ontmoet en God deur hulle. In ons liturgieë op aarde, net soos in die hemelse liturgie, is die Lam op die troon; sit die armes, kreupeles, verlamdes en blindes aan die tafel; is die laastes eerste. Ons luister dus na die mense rondom ons deur God se ore, ore wat die stem van die swakkes besonder goed hoor. Só word ons erediense hier, soos Augustinus dit gestel het, die steierwerk vir die hemelse stad waarop ons hoop.

Hierdie paar gedagtes oor die liturgie kan my miskien (soms) van my vooroordele en oortuigings (vir 'n oomblik) laat vergeet. En dit is in daardie oomblikke dat ons werklik luister en dat ons ook iets anders hoor as dit wat ons al klaar weet. Maar dit is verseker makliker gesê as gedaan. Ten diepste gaan dit oor 'n houding wat alleen moontlik is deur die werking van God se Gees.

Wanneer ons probeer om só in die erediens te luister, dan sal ons ook die luister van die erediens beleef.'n Luister wat veral aan diegene met 'n houding van afhanklikheid, van nie weet nie, van vergeet, geopenbaar word. Ware aktiewe luister wat ons help om nie net onsself nie, maar ook vir God in die erediens te ontmoet... dít is die protestantse kokaïne vir die Gereformeerde junk!

‘N PRAKTIESE WENK VIR DIE EPIKLESE GEBED

Epiklese simboool by http://www.ewige-anbetung.de

In die voorafgaande gedeelte is die ***epiklese*** onder andere genoem as een liturgiese moment wat belangrik is om te help om te vergeet om te luister. Die presiese hoe van hierdie gebed sou ’n mens kon vleis gee aan die hand van dr. Michiel van der Merwe se beskrywing van die sogenaamde luistergebed (*Van vrees na vertroue*. 2003. Stellenbosch: Buvton). Kyk gerus ook na die praktiese raad uit ander werke soos Willem Nicol se *Gebed van die hart* (Tweede druk 2004. Paarl: Lux Verbi.BM). Ek haal grootliks dr. Michiel aan in enkele punte:

- ***Sit gemaklik en maak jou oë toe.***
- ***Stilte totdat liturg volgende stap aandui.***
- ***Bring jouself tot rus deur die bekende asemhalingsoefening:***
    - ***Haal diep asem.***
    - ***Blaas stadig uit en haal stadig in.***
    - ***Kan jy jou asem hoor en voel?***
- ***Stilte totdat liturg volgende stap aandui.***
- ***Fokus op jouself deur byvoorbeeld op een van jou sintuie te konsentreer, soos gehoor.***
    - ***Konsentreer op dit wat jy alles hoor.***
- ***Stilte totdat liturg volgende stap aandui.***
- ***Fokus nou op God en sê vir Hom wat jy nou op die hart het:***
    - ***al jou vooroordele en ’n erkenning van jou onleerbaarheid.***
- ***Stilte totdat liturg volgende stap aandui.***
- ***Gemeente sing sag en sittende in die woorde van klein Samuel as gebed “Spreek, Heer” (Liedboek 254).***

Hierdie luistergebed sou goedskiks ook op ander plekke in die liturgie, soos byvoorbeeld by die aanvang van die erediens voor die votum, kon funksioneer terwyl ’n kers aangesteek word. Liturge kan self kreatief wees hierrondom.